Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Vermy velkontak.
- Was met seep en water na gebruik.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat **die** hande en gesig gewas is nie.
- Vermy spuitnewel op ander gewasse, weiveld, riviere, damme, boorgate en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Keer die leë houer oor die spuit-of mengtenk om en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeï tot 'n drup verminder het. Spoel daarna die leë houer drie keer na mekaar met een kwart van die houervolume vars water en giet die spoelwater in die spuittenk of mengtenk oor. Kap

gate in die drie-keer gespoelde houer waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za).

- Moet nie die houer begrawe, verbrand of aan enige ander partye skenk wat dit as houer vir voedsel of drinkgoed mag gebruik nie.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Sedasie (kalmte), dispnee (asemnood) en exophthalmia (ooguitpeuling).

NOODHULPBEHANDELING

As vergiftiging vermoed word skakel 'n dokter onmiddellik. Verwyder pasiënt van verdere blootstelling aan die middel en plaas hom/haar in 'n goed geventileerde omgewing.

In geval van oogkontak, hou ooglede oop en was uit met 'n egalige, ligte straal water vir 15 minute.

In geval van velkontak, was met baie seep en water. Kontak 'n dokter as irritasie voortduur.

Indien die middel ingesluk word, moet 'n groot hoeveelheid melk, eierwit of gelatienoplossing so spoedig as moontlik toegedien word, of indien dit nie beskikbaar is nie, groot hoeveelhede water. Moet nie braking veroorsaak nie of enige iets per mond toedien aan 'n bewustelose persoon nie.

NOTA AAN GENEESHEER

Geen spesifieke teenmiddel is bekend nie. As inname plaasgevind het, veroorsaak braking of maagspoeling. Oorweeg die toediening van 'n waterige oplossing geaktiveerde mediese houtskool. Behandel simptome.

WEERSTANDBESTUUR

Vir die doel van weerstandbestuur is **CLINCHER® S GOLD** 'n groep kode 15 onkruidodder. Enige onkruid populasie mag individue wat natuurlik weerstandbiedendheid toon teen **CLINCHER® S GOLD** en ander groep kode 15 onkruidodders bevat. Hierdie weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruid populasie domineer as hierdie produkte aanhoudend en eksklusief gebruik word. In sulke gevalle mag **CLINCHER® S GOLD** of enige van die 15 onkruidodders probleme ondervind om die weerstandbiedende individue te beheer.

Om onkruidodder weerstandbiedendheid te vertraag moet :

- die eksklusiewe en herhaaldelike gebruik van onkruidodders in dieselfde onkruid groep vermy word. Hierdie produkte moet met ander onkruidodders van ander groep kodes afgewissel word of in tenkmengsels vermeng word.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, biologiese en bewerkings metodes) onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Voersorghum

CLINCHER® S GOLD kan net op **voersorghum** gebruik word wat

- *sorghum x sorghum* kruisings of

- *sorghum x sudan* gras kruisings is.

Kruisings met *Pennisetum* spp en kruisings wat die BMR gene bevat mag nie met **CLINCHER® S GOLD** gespuit word nie.

CONCEP® 960 EC saadbehandeling word slegs aanbeveel vir die gebruik saam met **CLINCHER® S GOLD**, METAGAN GOLD of CLINCHER® S.

Groenbone

CLINCHER® S GOLD is slegs geregistreer op **groenbone** vir gebruik deur McCain op die kultivars Fortè, Masai en Dark Seeded Provider in die produksiegebiede van die Loskopskema, Letsitele, Ohrigstad en enkele gedeeltes van die Hoëveld.

CLINCHER® S GOLD mag sekere gewasse beskadig onder die volgende omstandighede:

Mielies en suikermielies

- Swak gedreineerde gronde.
- Gronde met 'n verdigtingslaag.
- Nat en koue toestande direk na 'n toediening.
- Ingeteelde ouerplante van mieliebasters. Raadpleeg in hierdie verband eers 'n verteenwoordiger van ADAMA Suid-Afrika (Pty.)Ltd, die verspreider of saadverskaffer.

Tabak

- wat op baie sanderige en/of gruiserige grond geplant word.

Graansorghum en voersorghum

- wat op baie sanderige en/of gruiserige grond geplant word.
- op gronde met 'n hoë persentasie (> 60 %) fynsandinhoud en/of swak struktuur wat geneig is om toe te slaan en te verdig na reën en gevolglik swak deurlug is.
- wat dieper as 50 mm geplant is.
- wat op landerye met 'n hoë voorkoms van grondgedraagde siektes en/of waar monokultuur toegepas word.
- wat sonder die saad behandeling CONCEP 960 EC geplant is.

Droëbone

- wat op landerye met 'n hoë voorkoms van grondgedraagde siektes en/of waar monokultuur toegepas word.
- onder warm droë toestande veral wanneer 'n verdigte laag in die grond voorkom. Onder hierdie toestande kan bone meer vatbaar wees vir windskaad.
- onder versuiptoestande op vlak, sanderige gronde, < 100 mm diep, met 'n ondeurdringbare kleiondergrond.

Sonneblomme

- onder versuiptoestande op vlak, sanderige gronde, < 100 mm diep, met 'n ondeurdringbare kleiondergrond.

Belangrik

Indien ander onkruidodders in kombinasie met **CLINCHER® S GOLD** gebruik word, moet die gebruiksbeperkings van hierdie onkruidodders, soos op die betrokke etiket aangedui, nagekom word.

Waarskuwing: Moontlike beskadiging van triasien sensitiewe gewasse

- Waar gronde met kalk behandel is om die grond pH te verstel, mag die moontlikheid van gewas beskadiging dramaties verhoog in gronde waar triasienes voorheen toegedien is. Dit gebeur as gevolg van die triasien molekule wat op die klei kompleks vervang word met kalsium katione en die triasien dus meer beskikbaar word in die grondwater kompleks.
- Slegs mielies moet aangeplant word in die seisoen direk na die aanbring van grond pH verstellings met kalk.
- Geen triasien sensitiewe gewasse moet geplant word in die seisoen na grond pH verstellings met kalk nie.. Dit is selfs van toepassing indien triasiene teen wisselbou dosisse gespuit is in vorige jare.
- Triasien sensitiewe gewasse sluit in alle breëblaargewasse soos verskeie boon gewasse, sonneblomme asook alle kleingraangewasse soos koring.
- Hierdie waarskuwing waarborg egter nie dat geen skade aan selfs mielies in die daaropvolgende aanplanting sal voorkom nie aangesien groot volumes vooraf toegediende triasiene beskikbaar mag raak afhangende van die volume kalk wat toegedien word en die reënval wat kan voorkom.

Waarskuwing: Moontlike verhoogde effektiwiteit, fitotoksisiteit en verlengde nawerking

- 'n Verhoging in die grond pH na vlakke bokant 7 skep toestande waar verhoogde effektiwiteit en verlaging in selektiwiteit kan voorkom. Hierdie verhoogde pH vlakke kan ook verlengde grondnawerking tot gevolg hê deur sekere onkruidodders wat veral onder besproeiing, die opvolg gewaskeuse mag beïnvloed.
- In sekere gevalle waar grond pH verstellings reeds gedoen is, moet gelet word wanneer sulfoniel ureum onkruidodders, triazolopirimidien sulfonanilied onkruidodders en imidasolinon onkruidodders wat almal baie sensitief is vir grond pH fluktuasies, reeds gebruik was of beplan word om te gebruik.

Kontak u plaaslike ADAMA Suid-Afrika (Pty) Ltd verteenwoordiger voordat op enige bekalkingsprogram besluit word om gewaskeuses en gewasbeskermingsprogramme te bespreek.

ONKRUIDE WAT BEHEER WORD

Die volgende onkruidsoorte word normaalweg beheer deur die vooropkomtoediening van **CLINCHER® S GOLD** teen die toedieningshoeveelhede soos hieronder aangedui:

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjiesinjalgras
<i>Chloris virgata</i>	Witpluim-Chloris

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Dactyloctenium aegyptium</i>	Hoenderspoor
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Echinochloa crus-galli</i>	Hanepootmanna
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone buffelsgras
<i>Panicum schinzii</i>	Soetbuffelsgras
<i>Pseudobrachiaria deflexa</i>	Bastersinjaalgras
<i>Setaria pallide-fusca</i>	Rooiborselgras
<i>Setaria verticillata</i>	Klitsborselgras
<i>Tragus berteronianus</i>	Kleinwortelsaadgras
<i>Tragus racemosus</i>	Grootwortelsaadgras
<i>Urochloa mosambicensis</i>	Bosveldbeesgras
<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras

Onkruid wat wisselvallig beheer word

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Amaranthus hybridus</i>	Kaapse misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	Doringmisbredie
<i>Amaranthus thunbergii</i>	Rooimisbredie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Groenhondbossie
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse Wandelende Jood
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Datura stramonium</i>	Stinkblaar
<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid

BOTANIESE NAAM	GEWONE NAAM
<i>Nicandra physalodes</i>	Basterappelliefie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein

Belangrik

Geeluintjie (*Cyperus esculentus*)

Die onderdrukking van *Cyperus esculentus* kan verbeter mits aan die volgende voorwaardes voldoen word:

- Die plantproses onmiddellik voorafgegaan word deur 'n deeglike skaarploeg bewerking.
- 'n Fyn, egalige en ferm saadbed voor te berei.
- Die **CLINCHER® S GOLD** moet toediening gevolg word deur minstens 10 - 20 mm sagte deurdringende reën (of besproeiing) om **CLINCHER® S GOLD** in die grond in te loog voordat *Cyperus esculentus* opkom (gewoonlik 7 - 10 dae na deeglike grondbewerking/ploeg). Die kans vir hierdie toestande om voor te kom, is groter tydens die laaste helfte van die plantseisoen. Namate die grond swaarder word, is meer reën of besproeiing nodig om goeie resultate te verkry. Om hierdie rede is beheer soms baie swak op turfgronde.
- Reënval na onkruidodertoediening maar voor *Cyperus esculentus* opkoms is noodsaaklik vir optimale *Cyperus esculentus* beheer. Gevolglik moet **CLINCHER® S GOLD** onmiddellik na die plantproses in klam grond toegedien word.
- Wanneer in droë grond geplant word (onvoldoende vog om *Cyperus esculentus* te laat ontkiem), moet die toediening van **CLINCHER® S GOLD** uitgestel word tot so na as moontlik aan, maar beslis voor die eerste reën.

Bosveldbeesgras en beesgras (*Urochloa* spp)

Urochloa spesies ontkiem baie vlak en in gevalle waar beperkte of geen meganiese bewerking plaasvind, soos in minimum tot geen bewerking, mag swak beheer van die grasse verkry word weens die vlak ontkieming of selfs ontkieming op die oppervlak van die grond, asook die gebrek aan inwerking van die saad in die grondprofiel.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **CLINCHER® S GOLD** met ander produkte kan beïnvloed word deur die formulering van die betrokke produkte asook deur die kwaliteit van die water. Aangesien die formulering van produkte kan verander sonder die medewete van ADAMA Suid-Afrika (Pty.)Ltd en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat gespuit word.

CLINCHER® S GOLD (L5749) is verenigbaar met CALLISTO (L6795), COMPLEMENT SUPER (L8169), GARDOMIL® GOLD (L6246), GESAPRIM SUPER (L3914), COTOGARD® 500 SC (L1446), SORGOMIL® GOLD 600 SC (L6221), GESAPRIM 90 WG (L4764), HAMMER® 100 SL (L5201), IGRAN® 500 SC (L0324), KARATE ZEON (L6330), LAMDEX 5 CS (L10763), SENCOR® 480 SC (L3034), GRAMOXONE® (L1174), ADAMA PARAQUAT (L10792), TOUCHDOWN Forte HITECH (L7305), MCPA, en 2,4-D amien soos op hierdie etiket aanbeveel.

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met water en voeg die benodigde hoeveelheid **CLINCHER® S GOLD** by terwyl die water in die tenk geroer word. Vul die tenk verder totdat die verlangde volume verkry is.

Wanneer **CLINCHER® S GOLD** in die spuittenk met ander produkte as soos aanbeveel vermeng word moet die oplosbare konsentrate eerste by die water gevoeg word. **CLINCHER® S GOLD** moet dan laaste bygevoeg word net voordat die verlangde volume in die spuittenk bereik word.

Wanneer GRAMOXONE, ADAMA PARAQUAT of TOUCHDOWN Forte HITECH in 'n tenkmengsel ingesluit word, moet dit heel laaste, nadat al die ander middels insluitend **CLINCHER® S GOLD**, reeds bygevoeg en deeglik gemeng is, in die spuittenk bygevoeg word net voordat die finale volume bereik word.

Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend in roering gehou word.

Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie.

TOEDIENINGSTEGNIEKE

Grondtoediening

CLINCHER® S GOLD kan met enige medium of hoëvolume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat korrek gekalibreer is, toegedien word. Keuse en rangskikking van waaiertipe spuitpunte moet sodanig wees dat 'n egalige verspreiding en optimale herwinning van die onkruid doder verkry word. Die aanbevole hoeveelheid **CLINCHER® S GOLD** moet in minstens 200 L water/ha toegedien word.

Na-plant vooropkoms

Wanneer in klam grond geplant word, moet **CLINCHER® S GOLD** binne drie dae na plant (maar verkieslik tydens plant) op 'n fyn, egalige, ferm en vars voorbereide onkruidvrye saadbed toegedien word. Om goeie resultate te verkry, is dit noodsaaklik dat die onkruid doder toediening gevolg moet word deur reën of besproeiing voordat die onkruid opkom. Indien reën nie betyds voorkom nie en die onkruid begin opkom en ontwikkel, moet 'n vlak grondbewerking uitgevoer word om hierdie onkruid te vernietig en die onkruid doder met die boonste 10 - 20 mm grondlagie te vermeng.

Wanneer in droë grond (onvoldoende vog vir ontkieming) geplant word, moet **CLINCHER® S GOLD** so na as moontlik aan, maar beslis voor die eerste reën toegedien word. Onkruid wat reeds opgekom het met die tyd van toediening sal nie beheer word nie.

Voorplant ingewerk (slegs mielies)

Om meer betroubare beheer van *C. esculentus* te verkry, kan **CLINCHER® S GOLD** voor plant vlak in die grond ingewerk word.. Hierdie inwerking kan gedoen word met 'n Kongskilde Triple K, 'n Fieldspan wydwerkskoffel of 'n soortgelyke werktuig. Heg in bogenoemde gevalle 'n roller agter aan die werktuie. Die werkdiepte van die werktuie behoort 75 - 100 mm te wees sodat doeltreffende inwerking in die boonste 37 - 50 mm van die grond plaasvind. Ten einde te verseker dat goeie vermenging van die **CLINCHER® S GOLD** met die grond plaasvind, moet die inwerking geskied teen 'n spoed van 9 - 11 km/uur. Deeglike aanvanklike saadbedvoorbereiding moet die inwerking van **CLINCHER® S GOLD** voorafgaan. Die inwerking van **CLINCHER® S GOLD** in die laaste helfte van die plantseisoen word nie aanbeveel nie aangesien vooropkومتoediening bevredigende resultate lewer.

Alhoewel die inwerk van **CLINCHER® S GOLD** mag lei tot meer betroubare beheer van *Cyperus esculentus* gedurende die eerste droër deel van die plantseisoen, word reën steeds nodig om die bogrond nat te kry sodat **CLINCHER® S GOLD** deur die onkruid opgeneem kan word. Minder reën is egter nodig as na 'n vooropkomstoediening na plant.

Na-opkom van die gewas (mielies, suikermielies, aartappels)

CLINCHER® S GOLD het 'n baie beperkte na-opkoms effek. Dit kan egter na-opkoms van die gewas, onmiddellik na 'n skoffelbewerking, toegedien word, mits onkruid nie aanwesig is nie. Onkruid wat aanwesig is en nie deur die skoffelbewerking vernietig word nie sal nie beheer word nie.

Lugtoediening (voor- en na-opkoms)

Hierdie produk mag slegs deur lugbespuiting toegedien word deur 'n geregistreerde lugbespuiting operateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial application of Agricultural Remedies). Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

a) Toediening parameters:

- **Volume:** 'n Volume van 30-40 L/ha word vir vooropkoms en na-opkoms bespuitings aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- **Druppelbedekking:** 'n Druppelbedekking van 20 - 30 druppels/cm² moet op die teikenarea herwin word vir vooropkoms bespuitings en 30 - 45 druppels/cm² vir na-opkoms bespuitings.
- **Druppelgrootte:** 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 350 - 400 mikrons word vir vooropkoms bespuitings aanbeveel en 300 - 350 mikrons vir na-opkoms bespuitings. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikrons – hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum beperk word.
- **Vlieghoogte:** Die hoogte van die spuitbalk moet op 3 - 4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens 'n duik nie, of terwyl dit uitklim of draai nie.

b) Toerusting:

- Gebruik geskikte spuitapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur endodrywing (binne die teikenarea) of eksodrywing (buite die teikenarea) sal verseker. Die operateur moet 'n stelsel kies wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitpunte/atomiseerders moet in die binnste 60% - 75% van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te beperk.

c) Meteorologiese toestande:

- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihygrometer, moet nie 8°C oorskry nie. Die byvoeging van 'n geskikte anti-evaporant word aanbeveel indien die VMD van die druppels kleiner as 200 - 250 mikrons is.

- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry of verminder na minder as 5 km/uur.
- Hierdie produk moet nie uit die lug toegedien word tydens onstabiele, turbulente toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.
- Dit is belangrik om daarop te let dat die lugtoediening van hierdie produk onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) tot die volgende mag aanleiding gee :
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken), of
 - skade aan ander nie-teiken gewasse of ander sensitiewe areas a.g.v die wegdryf van die spuitwolk weg vanaf die teikenarea.

CLINCHER® S GOLD in 'n tenkmengsel met CALLISTO (slegs vooropkoms) of GARDOMIL GOLD of GESAPRIM SUPER of GESAPRIM 90 WG kan deur middel van lugbespuiting toegedien word mits die spuitstof egalig oor die teikengebied versprei word en die verlies aan spuitmiddel tydens toediening tot 'n minimum beperk word.

Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die spuitoperator te verkry dat aan bogenoemde vereistes voldoen sal word.

Toediening deur spilpuntbesproeiing

CLINCHER® S GOLD mag d.m.v. besproeiingswater vooropkom (na plant maar vooropkom van die onkruid of gewas) teen toedieningshoeveelhede soos aanbeveel op hierdie etiket, toegedien word.

- Gebruik slegs spilpunte wat water egalig toedien.
- Berei 'n mengsel voor met 'n minimum van een deel water tot een deel onkruiddoder en spuit hierdie mengsel met 'n positief verplasinge pomp in die spilpuntsisteem in. Deur die inspuit van 'n groter volume, meer verdunde mengsel per uur kan 'n meer akkurate kalibrasie van die meettoerusting verkry word.
- Handhaaf voldoende roering om die onkruiddoder in suspensie te hou.
- Dien toe in 12,5 - 25 mm water. Gebruik die lae volume water (12,5 mm) op growwe tekstuur gronde en die hoë volume water (25 mm) op gronde met 'n fyner tekstuur. Meer as 25 mm water met toediening mag die onkruiddoder dieper as die effektiewe grondsonne beweeg en sodoende onkruidbeheer nadelig beïnvloed.

Voorwaardes vir spilpuntoedienings

- Dien slegs toe deur 'n spilpunt wat oor 'n antinewel sisteem beskik en kleppe wat die besoedeling na die bron sal verhoed gedurende die afsluit of oorloop van die oplossingstenk.
- Om voldoende vermenging te verseker, spuit in voor enige reghoekige draai op die hooflyn.
- Chemiese inspuitpompe en waterpompe moet ineengeskakelde beheermeganismes hê om gelyktydige afsluiting te verseker.
- Toediening wanneer spuitnewelwegdrywing 'n probleem mag wees bv. onder winderige toestande, of as lasplekke of verbindings lek, of as spuitpunte nie uniforme verspreiding lewer nie, mag skade aan die gewas veroorsaak.
- Indien sprinkelaarspuitpatrone nie voldoende oorvleuel nie, kan swak onkruidbeheer verkry word. Indien sprinkelaarspuitpatrone egter oormatig oorvleuel, kan skade aan die gewas of onaanvaarbare residu voorkom.

AANBEVELINGS EN TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

MIELIES EN SUIKERMIELIES

Vooropkoms toediening van CLINCHER® S GOLD in kombinasie met verskillende produk

CLINCHER® S GOLD kan onmiddellik na plant, maar vooropkom met betrekking tot mielies, suikermielies en onkruid, toegedien word of dit kan net voor plant vlak in die grond ingewerk word. Dit kan ook na-opkoms toegedien word na 'n skoffelbewerking.

Waar **geeluintjies** (*Cyperus esculentus*) 'n belangrike deel van die onkruidpopulasie uitmaak en die gewas tydens die eerste helfte van die plantseisoen (voor 20 Oktober) geplant word, word aanbeveel dat **CLINCHER® S GOLD** vlak in die grond ingewerk word. Waar **geeluintjies** nie 'n probleem is nie of waar tydens die tweede helfte van die plantseisoen (na 20 Oktober) geplant word, word die inwerk van **CLINCHER® S GOLD** nie aanbeveel nie.

Omdat breëblaaronkruid onvoldoende beheer word deur **CLINCHER® S GOLD**, word aanbeveel dat 'n geskikte breëblaardoder in kombinasie met **CLINCHER® S GOLD** gebruik word. Die breëblaardoder kan of vooropkom of na-opkom toegedien word. Omdat na-opkombehandelings meer doeltreffende asook meer betroubare beheer van veral diepontiende breëblaaronkruid soos *Datura* spp., *Xanthium* spp., *Tribulus terrestris*, *Commelina benghalensis* en *Cucumis myriocarpus* bied, word na-opkomtoedienings verkies. Die verskillende kombinasies wat gebruik kan word, word in die volgende tabelle uiteengesit.

TABEL 1: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD plus GARDOMIL GOLD toegedien vooropkoms in 'n tenkmengsel:

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms	
		CLINCHER® S GOLD (L/ha) Plus	GARDOMIL GOLD (L/ha)
Sand	0 - 10	0.4 – 0.65	2.2
Leemsand/Sandleem	11 - 20	0.4 – 0.65	2.5
Sandkleileem	21 - 30	0.5 – 0.7	3.2
Sandkleileem/ Sandklei	31 - 40	0.6 – 0.7	4.0
Sandklei /Turf	41 - 50	0.6 – 0.8	4.8

Om *Cyperus esculentus* te beheer kan **CLINCHER® S GOLD** ingewerk word teen die dosisse soos in Tabel 1 gevolg deur 'n vooropkoms toediening van GARDOMIL GOLD met plant of net daarna.

TABEL 2: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD plus GESAPRIM SUPER of GESAPRIM 90 WG toegedien vooropkoms in 'n tenkmengsel:

Grondtipe		% Klei	Vooropkoms		
			CLINCHER® S GOLD (L/ha) plus	of GESAPRIM SUPER (L/ha)	of GESAPRIM 90 WG (kg/ha)
Sand	0 - 10	0.7 – 0.9	1.3 – 1.7	0.9 – 1.1	
Leemsand/ Sandleem	11 - 20	0.7 – 0.9	1.7 – 2.1	0.9 – 1.4	
Sandkleileem	21 - 35	0.9 – 1	2.1 – 2.5	1.4 – 1.7	
Sandkleileem/ Sandklei/Turf	>35	1 – 1.2	2.5 – 3.3	1.7 – 2.2	

Belangrik

Raadpleeg die GESAPRIM SUPER en GESAPRIM 90 WG etikette i.v.m. wisselbou aanbevelings.

Gebruik die hoër dosisse van GESAPRIM SUPER en GESAPRIM 90 WG waar langer nawerking ten opsigte van breëblaaronkruid verlang word, veral die wat laat in die seisoen ontkiem soos **langkakiebos** (*Tagetes minuta*) en **groot stinkblaar** (*Datura ferox*). Waar kakiebos die grootste probleem is word GESAPRIM SUPER verkies en waar groot stinkblaar die grootste probleem is, word GESAPRIM 90 WG verkies.

TABEL 3: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD toegedien vooropkoms in 'n tenkmengsel met CALLISTO vir vooropkoms gras en breëblaar beheer:

CLINCHER® S GOLD kan in kombinasie met CALLISTO (L6795) gebruik word vir die vooropkoms beheer van grasse en breëblaaronkruide. Die dosisse van **CLINCHER® S GOLD** wissel van 218 ml/ha tot 710 ml/ha. Wanneer **CLINCHER® S GOLD** saam met CALLISTO gebruik word, is die dosis van **CLINCHER® S GOLD** nie klei sensitief nie maar eerder onkruid spesifiek.

(Die vooropkoms toediening van **CLINCHER® S GOLD** plus CALLISTO moet opgevolg word met geregistreerde dosisse van CALLISTO, GARDOMIL GOLD, METAGAN GOLD, CLINCHER® S of GESAPRIM SUPER ongeveer 5 - 6 weke later soos aangedui op die geregistreerde etikette.)

CALLISTO plus 156 ml/ha	CLINCHER® S GOLD 320 - 710 ml/ha
Botaniese naam	Gewone naam
<i>Acanthospermum hispidum</i>	Regopsterklits
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>	Wilde appelliefie
<i>Echinochloa colona</i>	Groen hondebossie

CALLISTO plus 156 ml/ha	CLINCHER® S GOLD 320 - 710 ml/ha
Botaniese naam	Gewone naam
<i>Nicandra physalodes</i>	Basterappelliefie
<i>Physalis angulata</i>	Klewerige appelliefie
<i>Setaria pallida-fusca</i>	Rooiborselgras
<i>Tagetes minuta</i>	Langkakiebos

CALLISTO plus 156 ml/ha	CLINCHER® S GOLD 426 - 710 ml/ha
Botaniese naam	Gewone naam
Bogenoemde onkruid plus	
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras
<i>Panicum schinzii</i>	Soet buffelsgras

CALLISTO plus 208 ml/ha	CLINCHER® S GOLD 426 - 710 ml/ha
Botaniese naam	Gewone naam
Bogenoemde onkruid plus	
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Brachiaria eruciformis</i>	Litjiesinjalgras
<i>Datura ferox</i>	Grootstinkblaar
<i>Eragrostis curvula</i>	Oulandsgras
<i>Hibiscus trionum</i>	Terblansbossie
<i>Polygonum aviculare</i>	Voëlduisendknoop

CALLISTO plus 208 ml/ha	CLINCHER® S GOLD 568 - 710 ml/ha
Botaniese naam	Gewone naam
Bogenoemde onkruid plus	
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Hibiscus cannabinus</i>	Wildestokroos
<i>Triumfetta pilosa</i>	Klitse

CALLISTO plus 260 ml/ha	CLINCHER® S GOLD 710 ml/ha
Botaniese naam	Gewone naam
Bogenoemde onkruid plus	
<i>Urochloa panicoides</i>	Beesgras
<i>Xanthium strumarium</i>	Kankerroos
Onderdrukking van:	Onderdrukking van:
<i>Bidens bipinnata</i>	Spaanse knapsekêrel
<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel
<i>Citrullus lanatus</i>	Wilde waatlemoen
<i>Cosmos bipinnatus</i>	Kosmos
<i>Crotalaria sphaerocarpa</i>	Mielie-crotalaria
<i>Cyperus esculentus</i>	Geeluintjie
<i>Ipomoea purpurea</i>	Purperwinde
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie

Raadpleeg die CALLISTO etikette vir gedetailleerde aanbevelings.

Die vooropkoms toediening van CLINCHER® S GOLD gevolg deur 'n na-opkoms toediening van verskillende produkte.

TABEL 4: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD toegedien vooropkoms of voorplant ingewerk opgevolg deur GARDOMIL GOLD vroeg na-opkoms:

		Vooropkoms	gevolg deur	na-opkoms
Grondtipe	% Klei	CLINCHER® S GOLD (L/ha)	GARDOMIL GOLD (L/ha)	
Sand	0 – 10	0.5 – 0.65	2.3	
Leemsand/Sandleem	11 – 20	0.5 – 0.65	2.8	
Sandkleileem	21 – 30	0.65 – 0.8	3.2	
Sandkleileem/Sandklei	31 – 40	0.75 – 0.9	3.2 – 4.8	
Sandklei/Turf	41 – 50	0.8 - 1	3.2 – 4.8	

Belangrik

COMPLEMENT SUPER teen 100 ml/ha moet by die na-opkoms bespuiting gevoeg word.

Wisselbou

Die bogenoemde toedieningshoeveelhede van GARDOMIL GOLD soos aanbeveel in Tabelle 1, 2 en 3 kan triasiengevoelige opvolggewasse soos grondbone, droëbone, sojabone, sonneblomme, koring, groente, katoen en tabak beskuldig. Waar hierdie gewasse as opvolggewasse-geplant word, moet die GARDOMIL GOLD toediening nie 2.2 L/ha (Tabel 4) oorskry nie of die GESAPRIM SUPER dosis moet nie 1.7 L/ha oorskry nie (Tabel 5).

In wisselbou situasies mag **CLINCHER® S GOLD** en GARDOMIL GOLD in tenkmengsels toegedien word vooropkoms van die gewas en die onkruid. Indien **CLINCHER® S GOLD** egter ingewerk word voor plant moet die GARDOMIL GOLD vooropkoms van beide die gewas en die onkruid toegedien word, volgens dosisse in tabel 4.

TABEL 5: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD plus GARDOMIL GOLD vooropkoms toegedien as 'n tenkmengsel of voorplant ingewerk van CLINCHER® S GOLD opgevolg deur 'n vooropkoms toediening van GARDOMIL GOLD om wisselbou moontlik te maak:

		Vooropkoms	
Grondtipe	% Klei	CLINCHER® S GOLD (L/ha) Plus	GARDOMIL GOLD (L/ha)
Sand/Leemsand/Sandleem	0 - 20	0.5 – 0.65	2.2
Sandkleileem	21 - 30	0.6 – 0.8	2.2

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms	
		CLINCHER® S GOLD (L/ha) Plus	GARDOMIL GOLD (L/ha)
Sandkleileem/Sandklei	31 - 40	0.8 – 0.9	2.2
Sandklei/Turf	41 - 50	0.9 – 1.1	2.2

TABEL 6: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD toegedien vooropkoms of voor plant ingewerk opgevolg deur 'n vroeg na-opkomstoediening van GESAPRIM SUPER plus 2,4-D amien:

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms	gevolg deur	Na-opkoms
		CLINCHER® S GOLD (L/ha) Plus	GESAPRIM SUPER plus 2,4-D amien (480 g ai /L),	
Sand/Leemsand/ Sandleem	0 - 20	0.7 – 0.9	Alle grondtipes: of 1.25 L GESAPRIM SUPER + 0.75 L 2,4-D amien	
Sandkleileem	21 – 30	0.8 – 1.0		
Sandkleileem / Sandklei	31 - 40	0.95 -1.1		
Sandklei /Turf	41 - 50	0.95 – 1.3		
			of 1.7 L GESAPRIM SUPER + 0.5 L 2,4-D amien	

Moet nie COMPLEMENT SUPER (of enige ander benattingsmiddel) by die GESAPRIM SUPER plus 2,4-D amien mengsel voeg nie.

OPMERKINGS TABELLE 1, 2, 3, 4, 5 en 6

Suikermielies

Moet nie GARDOMIL GOLD as 'n opvolg toediening of in kombinasie gebruik met **CLINCHER® S GOLD** op SUIKERMIELIES nie. Gebruik slegs die aanbevelings in Tabel 6.

Onkruid

- *Cyperus esculentus*
 - Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **CLINCHER® S GOLD** vir verbeterde beheer.
 - Waar EPTC gebruik word om **geeluintjies** (*C. esculentus*) en grasse te beheer kan beter laatseisoen beheer van hierdie onkruid verkry word indien EPTC opgevolg word deur 'n vroeë na-opkomtoediening van 'n **CLINCHER® S GOLD** plus GARDOMIL GOLD tenkmengsel. Gebruik EPTC soos op die etiket aangedui.
- *Digitaria sanguinalis*
 - Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **CLINCHER® S GOLD** waar hoë infestaties voorkom.
- *Brachiaria eruciformis*
 - Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **CLINCHER® S GOLD** vir beter beheer.

Toedieningsmetodes - inwerking

Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **CLINCHER® S GOLD** wanneer dit voor plant ingewerk word.

Grond

Indien die organiese materiaal inhoud van die grond 1 % oorskry, moet die hoër toedieningshoeveelheid van **CLINCHER® S GOLD** gebruik word.

Op gronde wat meer as 30 % klei bevat, mag breëblaaronkruid nie voldoende vooropkom beheer word nie (Tabel 1) en behoort voorkeur aan na-opkombeheer van breëblaaronkruid gegee te word (Tabelle 3 en 4).

Indien die **CLINCHER® S GOLD** plus GARDOMIL GOLD splittoediening geselekteer word op gronde wat meer as 30 % klei bevat, kan die dosis van die GARDOMIL GOLD gevarieer word na aanleiding van die vooropkombeheer wat verkry is en die heersende weerstoestand.

Op gronde met 0 - 10 % klei in die Noordwes Provinsie en Noord-Wes Vrystaat of op kalkryke gronde, kan hierdie lae dosisse van GARDOMIL GOLD (Tabel 5) nogsteeds opvolggewasse beskadig.

Hierdie lae dosisse mag ook swakker breëblaarbeheer en korter nawerking op gronde met meer as 20 % klei tot gevolg hê (Tabel 5). Gevolglik behoort na-opkombeheer van breëblaaronkruid soos aanbeveel in Tabel 4, voorkeur te geniet wanneer wisselbou met gevoelige gewasse onderneem word.

Bymiddels

COMPLEMENT SUPER teen 100 ml/ha moet bygevoeg word waar GARDOMIL GOLD na-opkoms toegedien word.

Werkingswyse

Grasdoders wat aan die chloorasetamied onkruidodergroep behoort (wat **CLINCHER® S GOLD** insluit) word via die koleoptiel van grasonkruid opgeneem. Dus, vir goeie grasbeheer moet hierdie onkruidodders teen letale konsentrasies beskikbaar wees in die boonste ± 50 mm van die grondprofiel. Die adsorpsiekapasiteit van 'n grond vir hierdie onkruidodders, sowel as die hoeveelheid water wat deur die grondprofiel beweeg met reën/besproeiing, bepaal die gevolglike konsentrasie van die onkruidodders in die boonste lae van die grondprofiel. As gevolg van die lae

adsorpsiekapasiteit van sandgronde (0 - 15 % klei, <1 % organiese materiaalinhoud) kan bogenoemde onkruidodders tot subletale konsentrasies in die boonste \pm 50 mm verlaag word na die voorkoms van deurdringende reën (25 mm en meer per dag). Aanhoudende reën (50 mm en meer versprei oor 3 - 7 dae) sal dieselfde gevolg hê. Dit kan dus gebeur dat grasse ontkiem as sulke toestande voorkom. 'n Splittoediening (soos aanbeveel in Tabel 4) word aanbeveel indien **CLINCHER® S GOLD** op sulke gronde gebruik word. Deurdringende en/of aanhoudende reën na die splittoediening kan dieselfde gevolg hê.

Raadpleeg die GARDOMIL GOLD en GESAPRIM SUPER etikette vir verdere besonderhede.

Die gebruik van **CLINCHER® S GOLD** in kombinasie met ander produkte om *Cyperus esculentus* te beheer.

TABEL 7: Toedieningshoeveelhede van **CLINCHER® S GOLD toegedien vroeg na-opkoms in 'n tenkmengsel met GARDOMIL GOLD vroeg na 'n aanvanklike toediening van EPTC:**

Grondtipe	% Klei	Vroeg na-opkoms	
		CLINCHER® S GOLD (L/ha) plus	GARDOMIL GOLD (L/ha)
Sand	0 - 10	0.55	2.2
Leemsand/Sandleem	11 - 20	0.5	2.5
Sandkleileem	21 - 30	0.6	3.2

Belangrik

COMPLEMENT SUPER teen 100 ml/ha moet by hierdie na-opkom spuitmengsel gevoeg word.

Die gebruik van **CLINCHER® S GOLD** in kombinasie met verskillende produkte om die aanvanklike breëblaar beheer te verbeter.

Om die wisselvallige aanvanklike breëblaar beheer van **CLINCHER® S GOLD** te verbeter, kan **CLINCHER® S GOLD** vooropkoms in 'n tenkmengsel met GARDOMIL GOLD gebruik word, gevolg vroeg na-opkoms met GARDOMIL GOLD.

TABEL 8: Toedieningshoeveelhede van **CLINCHER® S GOLD toegedien vooropkoms in 'n tenkmengsel met GARDOMIL GOLD vir meer betroubare aanvanklike breëblaar beheer:**

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms		Vroeg na-opkoms
		CLINCHER® S GOLD (L/ha) Plus	GARDOMIL GOLD (L/ha) gevolg deur	GARDOMIL GOLD (L/ha)
Sand/Leemsand/Sandleem	0 - 20	0.65	0.8	2.0

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms		Vroeg na-opkoms
		CLINCHER® S GOLD (L/ha) Plus	GARDOMIL GOLD (L/ha) gevolg deur	GARDOMIL GOLD (L/ha)
Sandkleileem	21 - 30	0.75	1	2.2
Sandkleileem/ Sandklei	> 30	0.9	1.2	2.8

Belangrik

COMPLEMENT SUPER teen 100 ml/ha moet by gevoeg word by die spuitmengsel wanneer GARDOMIL GOLD na-opkoms toegedien word.

Die gebruik van **CLINCHER® S GOLD** in ou saadbeddings, minimum bewerkings lande en stoppelbewerkings lande.

Mielies, suikermielies, graansorghum

Waar minimum- of stoppelbewerking toegepas word, mag onkruid ten tye van plant reeds opgekom het. Indien gewasse onder sulke toestande of in 'n ou saadbed geplant word, waar die grasonkruid alreeds opgekom het en/of die breëblaaronkruid verder as die saailingstadium ontwikkel het, word aanbeveel dat TOUCHDOWN Forte HITECH, GRAMOXONE of ADAMA PARAQUAT by **CLINCHER® S GOLD** gevoeg word teen 'n hoeveelheid soos aanbeveel deur die vervaardiger. Die TOUCHDOWN Forte HITECH, GRAMOXONE of ADAMA PARAQUAT sal die bestaande onkruid vernietig en 'n vooropkoms-toestand skep wat **CLINCHER® S GOLD** sal toelaat om doeltreffend te werk.

Waar TOUCHDOWN Forte HITECH, GRAMOXONE of ADAMA PARAQUAT bygevoeg word, moet plaasvind voordat die gewas opkom, aangesien TOUCHDOWN FORTE HITECH, GRAMOXONE of ADAMA PARAQUAT die gewas sal beskadig as dit na-opkoms toegedien word.

By minimum bewerking of stoppelbewerking kan die digtheid van die stoppels en humus die werking van **CLINCHER® S GOLD** beïnvloed. Raadpleeg dus 'n verteenwoordiger van ADAMA Suid-Afrika (pty.) Ltd. of verspreider.

Belangrik

Alle toedieningshoeveelhede hierbo aangegee, geld vir algehele dekbespuiting. In die geval van strookbehandeling op die rye moet die hoeveelheid onkruidodder ooreenkomstig die strookbreedte en ryydte bereken word.

Verseker voldoende bemesting om te verseker dat die gewassaailinge kragtig groei.

GRONDBONE, GROENBONE, DROËBONE, NIERBONE, SONNEBLOMME, SOJABONE EN LUPIENE:

Vooropkoms CLINCHER® S GOLD toedieningshoeveelhede in verskillende breëblaar gewasse.

TABEL 9: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD vir die verskillende breëblaar gewasse op verskeie grondtipes en vir die beheer van verskeie onkruid

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms
		CLINCHER® S GOLD (L/ha)
Sand/Leemsand/Sandleem	0 - 20	0.6 – 0.8
Sandkleileem	21 - 30	0.8 - 1
Sandkleileem/Sandklei	>30	1 – 1.3

Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid van **CLINCHER® S GOLD** vir verbeterde **geeluintjie** (*Cyperus esculentus*) beheer of waar hoë infestasies van **kruisvingergras** (*Digitaria sanguinalis*) voorkom of waar die organiese materiaalinhoud van die grond 1 % oorskry.

Belangrik - alleenlik grondbone

Ten einde goeie beheer van breëblaaronkruid te verkry, kan IGRAN 500 SC by die **CLINCHER® S GOLD** gevoeg word teen hoeveelhede per grondtipe soos aanbeveel op die IGRAN 500 SC etiket.

IGRAN 500 SC word slegs aanbeveel waar oorhoofse sprinkelbesproeiing toegepas word.

Tenkmengsels van CLINCHER® S GOLD met HAMMER 100 SL op verskillende gewasse:

TABEL 10: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD in 'n tenkmengsel met HAMMER 100 SL op droëbone vir die beheer van sekere onkruid:

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms	
		CLINCHER® S GOLD (L/ha)	HAMMER 100 SL (L/ha)
Sand/Leemsand	0 - 15	0.6	0.3
Sandleem/Sandkleileem	16 - 25	0.6	0.4
Sandkleileem/Sandklei	26 - 35	0.8	0.5
Sandklei/ Turf	>35	NIE AANBEVEEL NIE	

Tenkmengsels van **CLINCHER® S GOLD** met HAMMER 100 SL op grondbone en sojabone.

TABEL 11: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD in tenkmengsel met HAMMER 100 SL op grondbone en droëbone vir die beheer van sekere onkruid:

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms	
		CLINCHER® S GOLD (L/ha)	HAMMER 100 SL (L/ha)
Sand/Leemsand/Sandleem	0 - 25	0.5 – 0.8	0.4
Sandkleileem/Sandklei	26 - 35	0.8 – 1	0.5
Sandklei/Turf	>35	NIE AANBEVEEL NIE	

Opmerkings (Tabelle 10 en 11)

'n Tenkmengsel van **CLINCHER® S GOLD** plus HAMMER 100 SL mag die gewas beskuldig indien gebruik op 'n grond met 'n pH van meer as 7.

Die beheer van sekere onkruid mag nadeling beïnvloed word onder die volgende omstandighede:

- 'n Swak voorbereide saadbed.
- Gronde met 'n pH (H₂O) van minder as 5.
- Droë toestand direk na toediening of onvoldoende reënval op swaar gronde.
- Raadpleeg die HAMMER 100 SL etiket vir volle besonderhede.

Tenkmengsels van **CLINCHER® S GOLD** en SENCOR 480 SC op sojabone

Die volgende toedieningshoeveelhede as tenkmengsels van **CLINCHER® S GOLD** plus SENCOR 480 SC word aanbeveel op sojabone op verskeie grondtipes en vir die beheer van onkruid soos op die SENCOR 480 SC etiket aangedui, addisioneel tot dié wat deur **CLINCHER® S GOLD** beheer word.

TABEL 12 : Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD in 'n tenkmengsel met SENCOR 480 SC op sojabone:

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms	
		CLINCHER® S GOLD (ℓ/ha)	SENCOR 480 SC (ℓ/ha)
Sand	0 - 10	NIE AANBEVEEL NIE	
Leemsand/Sandleem	11 - 20	0.6 – 0.8	0.54
Sandkleileem	21 - 35	0.8 - 1	0.70
Sandkleileem/Sandklei/Turf	>35	NIE AANBEVEEL NIE	

Opmerkings (Tabel 12)

- Gebruik die hoër toedieningshoeveelheid **CLINCHER® S GOLD** vir verbeterde beheer van *Cyperus esculentus* (**geeluintjie**).
- Gebruik die **CLINCHER® S GOLD** plus SENCOR 480 SC mengsel slegs op gronde met meer as 1 % organiese materiaal.
- Sien SENCOR 480 SC etiket vir kutivarbeperkings.
- Moet nie **CLINCHER® S GOLD** plus SENCOR 480 SC op sojabone toedien wat geplant is op grond met uitsonderlike lae of hoë pH (H₂O) waardes (laer as 4,5 en hoër as 7), gronde met voedingstekorte of gronde wat onderhewig kan wees aan versuip-toestande nie, aangesien dit beskadiging tot gevolg kan hê.
- Die toediening van **CLINCHER® S GOLD** plus SENCOR 480 SC op ligte gronde vroeg in die seisoen onder toestande van lae nagtemperatuur, mag skade veroorsaak.
- Oormatige toediening, toediening tydens die verkeerde groeistadium of enige ander gebruik wat nie in ooreenstemming met die **CLINCHER® S GOLD** en SENCOR 480 SC etiket is nie, kan die groei van die gewas belemmer of ander nadelige gevolge hê.
- Raadpleeg die SENCOR 480 SC etiket vir volledige besonderhede.

AARTAPPELS (SOMERREËNVALGEBIED ALLEENLIK)

Gebruik 1.3 L/ha **CLINCHER® S GOLD** op alle grondsoorte. Om goeie beheer van breëblaaronkruid te verkry, kan SENCOR 480 SC teen 1.1 L/ha by die **CLINCHER® S GOLD** gevoeg word. Wanneer dit in kombinasie met SENCOR 480 SC gebruik word en waar aartappels gedurende die reënseisoen of onder besproeiing geplant word, kan die hoeveelheid **CLINCHER® S GOLD** tot 1.0 L/ha verminder word. Waar aartappels egter onder droëlandtoestande geplant word voor, die aanvang van die reënseisoen, moet die hoër hoeveelheid **CLINCHER® S GOLD** toegedien word selfs in kombinasie met SENCOR 480 SC gebruik word.

Die beperkings ten opsigte van SENCOR 480 SC soos op die etiket aangegee, moet nagekom word.

Operd

Nadat die onkruid-doder toegedien is, moet operdbewerkings so lank as moontlik uitgestel word, aangesien sodanige bewerkings onbehandelde grond na die oppervlak sal bring wat nuwe onkruidgroei tot gevolg mag hê. **CLINCHER® S GOLD** kan ook na-opkom van die aartappels en nadat opgeërd is, toegedien word. Onder hierdie omstandighede is word'n gerigte bespuiting verkies, maar is nie noodsaaklik nie.

KATOEN

Gebruik 0.5 – 0.6 L/ha **CLINCHER® S GOLD** slegs in tenkmengsel met **COTOGARD 500 SC**. Teen hierdie lae gebruiksterkte van **CLINCHER® S GOLD** sal *Cyperus esculentus* en *Panicum maximum* nie goed beheer word nie. Volledige aanbevelings verskyn op die COTOGARD 500 SC etiket.

Belangrik

Waar **CLINCHER® S GOLD** op onbedekte katoensaad gespuit word, mag skade voorkom. Gevolglik moet verseker word dat die katoensaad deeglik deur grond bedek is.

GRAANSORGHUM / VOERSORGHUM

CLINCHER® S GOLD kan in graansorghum en voersorghum gebruik word **mits die sorghumsaad vooraf deeglik volgens voorskrif met CONCEP 960 EC behandel is.** Die volgende toedieningshoeveelhede word aanbeveel vir die beheer van eenjarige grasse en gedeeltelike beheer van *Cyperus esculentus*.

CLINCHER® S GOLD kan net op voersorghum gebruik word wat *sorghum x sorghum* kruisings en *sorghum x sudan* gras kruisings is. Kruisings met *Pennisetum* spp en kruisings wat die BMR gene bevat mag nie met **CLINCHER® S GOLD** gespuit word nie. CONCEP® 960 EC saadbehandeling word slegs aanbeveel vir die gebruik saam met **CLINCHER® S GOLD**, METAGAN GOLD of CLINCHER® S.

TABEL 13: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD wanneer dit toegedien word op CONCEP 960 EC behandelde saad (raadpleeg die CONCEP etiket vir volledige aanbevelings):

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms
		CLINCHER® S GOLD (L/ha)
Sand/Leemsand/Sandleem	0 - 20	NIE AANBEVEEL NIE
Sandkleileem	21- 30	0.8
Sandklei	31 - 40	0.95
Turf	>40	0.95 – 1.3

Belangrik

Op turfgronde mag 1.3 L/ha **CLINCHER® S GOLD** nodig wees vir goeie beheer van *Brachiaria eruciformis*. Dit mag ook die beheer van *Cyperus esculentus* verbeter.

Gebruik die hoër toedieningshoeveelhede van **CLINCHER® S GOLD** waar hoë infestaties van *Digitaria sanguinalis* (kruisvingergras) voorkom.

Indien graansorghum en voersorghumsaad nie vooraf deeglik met CONCEP 960 EC behandel is nie, kan **CLINCHER® S GOLD** ernstige skade aan die gewas veroorsaak.

CLINCHER® S GOLD kan graansorghum en voersorghum tydelik beskadig indien baie nat grondtoestande 4 - 6 weke na plant voorkom. Die gewas sal gewoonlik hierdie beskadiging ontgroeï en sal dit geen effek op opbrengs hê nie.

Indien 'n grondkors vorm, moet dit onmiddellik opgebreek word deur 'n vlak bewerking.

Beheer van breëblaaronkruid op graansorghum alleenlik

'n Tenkmengsel van **CLINCHER® S GOLD** plus SORGOMIL GOLD 600 SC teen 0.5 L/ha + 2.9 L/ha kan ook gebruik word vir vooropkoms onkruidbeheer in graansorghum op gronde wat 21 - 30 % klei bevat en teen 0.6 L + 3.6 L/ha onderskeidelik op gronde wat 31 - 35 % klei bevat. (Raadpleeg die SORGOMIL GOLD 600 SC etiket.)

Op alle grondtipes kan 'n vooropkomsbehandeling met **CLINCHER® S GOLD** vir grasbeheer opgevolg word met 'n vroeë na-opkomsbehandeling met GESAPRIM SUPER + 2,4-D amien om die breëblaaronkruid te beheer (raadpleeg die GESAPRIM SUPER etiket).

Alternatiewelik kan 'n vooropkomsbehandeling van **CLINCHER® S GOLD** ook opgevolg word deur 'n vroeë na-opkoms opvolgbehandeling met **SORGOMIL GOLD 600 SC**. **SORGOMIL GOLD 600 SC** word slegs aanbeveel vanaf die 5-blaarstadium van die graansorghum.

Die **SORGOMIL GOLD 600 SC** toediening hoeveelhede mag nie 2 L/ha oorskry waar wisselbou toegepas word nie. Raadpleeg die **SORGOMIL GOLD 600 SC** etiket in hierdie verband. Die volgende toedieningshoeveelhede moet toegepas word:

TABEL 14: Toedieningshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD opgevolg met SORGOMIL GOLD 600 SC om breëblaar onkruidbeheer op graansorghum te verbeter:

		Voor-opkoms	gevolg deur	Na-opkoms
Grondtipe	% Klei	CLINCHER® S GOLD (L/ha)	SORGOMIL GOLD 600 SC (L/ha)	
Sand/Leemsand	0 - 15	NIE AANBEVEEL NIE		
Sandleem	16 - 20	0.5	2.6	
Sandkleileem	21 - 30	0.6	3.0	
Swaarder gronde insluitend Turf	>30	0.7 - 1	3.0	

Belangrik

Die benattingsmiddel **COMPLEMENT SUPER** moet by alle na-opkomsbehandelings gevoeg word, behalwe waar **GESAPRIM SUPER + 2,4-D** amien gebruik word.

Op turfgronde kan 1 L/ha **CLINCHER® S GOLD** nodig wees vir goeie beheer van *Brachiaria eruciformis* en *Digitaria sanguinalis*. Dit kan ook gebruik word om die beheer van *Cyperus esculentus* te verbeter.

TABAK (SLEGS SOMERREËNVALSTREEK)

Dien **CLINCHER® S GOLD** toe as 'n vol oppervlaktebespuiting binne 3 dae na uitplant van die tabak terwyl die plantjies nog verlep is. Waar **CLINCHER® S** op nie-verlepte tabakplantjies toegedien word moet die bespuiting so gerig word dat dit nie die plantkelk binnedring, waar dit die groeipunt kan beskadig nie. Die blare van aktiefgroeiende tabak kan brandskade opdoen waar dit met **CLINCHER® S GOLD** gespuit word. Op ligte gronde (0 - 10 % klei) moet **CLINCHER® S GOLD** net tussen die plantrye toegedien word op so 'n manier dat 'n onbehandelde strook van ongeveer 20 - 25 cm wyd, bo-op die walle gelaat word (d.i., 10 cm aan weerskante van die plantry).

Enige bestaande onkruid moet verwyder word voor **CLINCHER® S GOLD** toegedien word. Dit kan met die hand of meganies of deur toediening van **GRAMOXONE** of **ADAMA PARAQUAT** geskied onmiddellik voor uitplant. Enige groeiende onkruid teenwoordig ten tye van die **CLINCHER® S GOLD** toediening sal nie beheer word nie. Waar tabak op walle geplant word, moet van 110° spuitpunte gebruik gemaak word wat vanaf 'n posisie bokant die holvoor spuit. Dit sal meer egalige verspreiding van die onkruiddoder tot gevolg hê.

Binne 2 - 3 dae na 'n **CLINCHER® S GOLD** bespuiting, moet sprinkelbesproeiing van minstens 10 mm, maar nie meer as 15 mm op grond met minder as 35 % klei en ten minste 20 mm maar nie

meer as 30 mm op grond met meer as 35 % klei toegedien word ten einde die **CLINCHER® S GOLD** te aktiveer.

Slegs sterkgroeïende, gesonde plante moet uitgeplant word. Indien van die wortels van 'n uitgeplante tabakplant blootgestel word aan **CLINCHER® S GOLD** tydens toediening, sal die plant nadelig beïnvloed word. Dit is dus belangrik dat uitplant sorgvuldig geskied.

TABEL 15: Toediengingshoeveelhede van CLINCHER® S GOLD op tabak:

Grondtipe	% Klei	Vooropkoms
		CLINCHER® S GOLD (L/ha)
Sand	0 - 10	0.5
Leemsand/Sandleem	11 - 20	0.7
Sandkleileem	21 - 35	1
Sandklei	>35	1.4

CALLISTO®, **COMPLEMENT®**, **GARDOMIL®**, **GRAMOXONE®**, **GESAPRIM®**, **CONCEP®**, **IGRAN®**, **SORGOMIL®**, **TOUCHDOWN®** = Geregistreerde Handelsmerke van 'n Syngenta Groep Maatskappy.

COTOGARD® = Geregistreerde Handelsmerk van ADAMA Suid-Afrika (Pty.) Ltd.

SENCOR® 480 SC = Geregistreerde Handelsmerk van Bayer SA (Edms) Beperk.

HAMMER® = Geregistreerde Handelsmerk van BASF.